Meer as oorwinnaars

Heléne Mouton is nie lekker na die beroerte wat sy gehad het nie. Daar is komplikasies en sy het ons voorbidding nodig.

3 Februarie 2018 was die 1ste verjaardagviering van Martin Odendaal se hartoorplanting. Ons is saam hulle dankbaar daarvoor en dat sy liggaam geen verwerping getoon het nie. Al die eer aan God!

Winnie Roos (90) van Parys SA, Jo Swart se vriendin, het onlangs twee kleinseuns binne 16 dae aan die dood afgestaan . Ons harte gaan uit na haar en bid dat die Here met Sy onbeskryflike genade, Winnie en haar dogters rus, vertroosting en aanvaarding sal gee.

Louise Human het verlede jaar brein bestraling ontvang, nou het sy egter gehoor dat die kanker in haar long ontvlam het. Bid steeds dat sy goed sal reageer op die behandeling.

Ons dra Mottie Botha van Rusoord aan die Here op. Sy sukkel nog met kanker.

Ons bid ook vir al die verswaktes in Rusoord.

Want ons behoort aan God

Baie welkom aan Emmarentia Smit aarvan ons bewys van Lidmaatskap ontvang het vanaf NG Gemeente Koster.

"Laat die kindertjies na My toe kom..."

Geluk aan die egpaar Engelbrecht met die doop van hul seun Pieter Arnu Engelbrecht. Ook baie geluk aan Ouma en Oumagrootjie. Dis wonderlik om vier geslagte o een dag in ons kerk te he.

Huweliks klokkies

Geluk aan Neelsie Nel en Shannon Keen wat Saterdag in die huwelik bevestig is - mag julle elke oomblik in vreugde geniet van die toekoms saam.

Die Aankondiger

4 Februarie 2018

Lyttelton-Noord
Nederduitse Gereformeerde Gemeente

Prediker: *Ds.. Gideon du Toit*
.

Skriflesing: *1 Sam 3:8,9 en 1 Kon 19:11,12*

Tema: *Hy lei my op die regte paaie tot die eer van Sy Naam.*

Liedere: *281:1-3; 329x 2; 292:1,2; 511:1,2;* 510:1-4; 280:1,3

Rusoord: *10:30 & 16:45* ***Jeug:*** *18:00*

T-L-10 (LUKAS 10 TRANSFORMASIE)

Die taak van sending en evangelisasie waarvoor die Here Jesus ons elkeen geroep het toe Hy in Matteus 11:28 gesê het "Kom na My toe . . ." en in 28:19 "Gaan dan na al die nasies toe . . .", is geweldig groot en dringend en die arbeiders is te min. Dit kan nie net aan die paar voltydse geestelike werkers oorgelaat word nie.

Daar is soveel mense wat nog bereik moet word in die dorpe en stede van ons land, en in die on-geëvangeliseerde lande en bevolkingsgroepe van die wêreld, daarom moet elkeen van ons aanmeld vir diens en toegerus word vir die taak.

Die T-L-10 kursus is 'n geleentheid waar ons 'n nuwe leefstyl van gebed, omgee en verkondiging kan ontwikkel en toepas. Ons gaan geleer word om "te begin waar ons is, te gebruik wat ons het, en te doen wat ons kan".

Kom ons wees deel van 'n opwindende geleentheid, en "deurweek" die kursus met ons gebed en deelname.

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Kerkkantoor nr.: 012 664 6695
kerkkantoor@omgeekerk.co.za
DS. Gideon du Toit sel: 079 526 5978

Deurkollekte

Die week gaan dit vir:
Instandhouding: Grassnyer

BRUINGELD

Vanaf Mei 2017 is die bedrag ingesamel: **R 2 261.00**

Ons is in As en Sak

Ons tuine lyk so mooi en daar word so hard deur Magda, Phillip, Jacob en Shephard gewerk om dit so te hou....maar helaas het die negentien-toet se grassnyer nou die gees gegee en sal daar 'n nuwe een aangekoop moet word. Ons het krag punte en 'n koord en wil graag 'n elektriese een koop. Wil u nie groot asseblief 'n donasie lewer gemerk as "grassnyer "nie?

Omgee-Vroue Byeenkoms.

Op Saterdagoggend 17 Februarie om 9:00 word die eerste Omgee-Vroue Byeenkoms van 2018 gehou, en wel in die konsistorie. Sandra Kock gaan vir ons 'n demonstrasie lewer oor Haarinlegsels. Dan gaan ons ook 'n kort Algemene Vergadering hou en as daar tyd is 'n "Kenmekaar". En natuurlik tee met verversings! Almal is baie welkom, woon dit gerus by en bring 'n vriendin saam.

BYBELSTUDIEGROEPE :

Maandag	09:00	Rusoord	Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Dienssentrum
	10:00	Lofdal		10:00	La Borie
				11:00	Protea

Baie geluk aan almal wat 4 Februarie tot 10 Februarie verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Hanna	Dippenaar	02/04	012 654 9415	082 718 1551
Diem	Kambouris	02/04	012 664 4315	072 926 1905
Christine	Coetzee	02/05	012 644 0984	
Braam	Grobler	02/05	012 664 5835	
Rina	Liebenberg	02/05	012 664 2354	083 604 2062
Ruben	Odendaal	02/05	012 6642199	
Chris	Schwartz	02/05		082 941 7537
Koos	Marais	02/06	012 664 7723	083 625 6628
David	Swanepoel	02/06	012 664 2736	078 827 1042
Dirk	De Villiers	02/09		
Phillip	Lloyd	02/09		082 562 6384
Joan	Van Tonder	02/09		082 341 2456
Con	de Beer	02/10	012 664 4381	082 822 4775
Tony	Laurie	02/10		082 432 7814
Angelique	Nieuwoudt	02/10	083 293 0772	083 293 0772
Kobus	Van Heerden	02/10	012 664 1458	

Doelwit vir
10de maand Oesfees bydrae



NG Lyttelton-Noord. Absa
Rek.no: 600590243,
Tak kode: 335045
Verwysing: 10de maand

Ons is amper daar – ek is so trots op julle!